HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

15 Maart 2024

OMSENDBRIEF 9/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Skool-inskrywings 2025:** Spring vroegtydig om u kind ‘n kans te gee om in een van die beste plattelandse skole in Suid-Afrika te wees! Aansoeke vir inskrywings vir 2025 word tans ontvang. Die spertyd is **Vrydag 14 April om 13:00**. Geen laat inskrywings word deur die skool of Departement aanvaar nie.

   Ouers wat hul kinders vir 2025 by Hoërskool Bonnievale wil inskryf, kan ‘n aansoekvorm en die nodige dokumente by die skool se kantoor afhaal en inhandig. Die dokumente kan ook vooraf afgelaai word by https://hsbonnievale.co.za/aansoeke-2025. Ouers moet op TWEE plekke aansoek doen:

   1) ‘n Fisiese aansoekvorm by die skool se kantoor inhandig
   2) ‘n Aanlyn aansoek by wcedonline.westerncape.gov.za

   Ons help graag ouers wat sukkel met internettoegang of met die aanlyn aansoek. U kan die skool se kantoor besoek as u hulp nodig het. Geen aansoeke wat onvolledig is of nie op wcedonline.westerncape.gov.za verskyn sal oorweeg word nie.

   Leerders wat reeds tans in Hoërskool Bonnievale is (gr. 1 tot 11) hoef nie weer aansoek te doen nie.

2. **SBL-verkiesing 2024:** Ouers wie se kinders by HS Bonnievale skoolgaan kan **Maandag 18 Maart tussen 14:00 en 19:00** by die **hoërskool se mediasentrum** kom stem om ouerlede vir die Skoolbeheerliggaam te verkies. Nominasies vir ouerlede is reeds gesluit en die stembrief is gefinaliseer. Slegs ouers wie se name op die kieserslys verskyn, mag stem. Die kieserslys is ook reeds gefinaliseer soos deurgegee in vorige omsendbriewe. Geen name mag nou meer by die kieserslys gevoeg word nie, ook nie op die dag van die verkiesing nie. Dit is verpligtend dat ouers hul ID’s saambring as hulle kom stem.

3. **Atletiek laerskool:** **Luan du Toit**, **Jumaro Fortuin** en **Ruwayden Willemse** het verlede Saterdag aan die Wes-Kaap-byeenkoms deelgeneem in Paarl. **Ruwayden** behaal ‘n 5de plek in die 100 m en ‘n 6de plek in die 150 m. **Jumaro** behaal 'n 4de plek in die 150 m-hekkies. **Luan** kry 'n silwer medalje in die seuns o.11-verspring. Hy het 'n persoonlike beste afstand van 4.73 m gespring. **Daarmee het hy sy plek in die Wes-Kaapspan wat aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem, verseker.** Die SA’s word vanaf 24-26 Maart by die Universiteit van Limpopo aangebied. Baie geluk, Luan! En sterkte met die SA’s.

4. **Atletiek hoërskool:** **Danika Grobler** (Hamergooi) en **Ronwin Matjan** (100 m-hekkies) neem vandag aan die Wes-Kaap Kampioenskappe deel. Ons hou vir julle duim vas en wéét dat julle julle beste sal gee.

5. **Padwerke**: Instandhouding aan verskeie paaie in en rondom Bonnievale word vanaf 14 Maart gedoen; ook die straat rondom die NG Kerk Vandermerwe, voor die hoërskoolgebou. Dit is moeilik om te sê presies wanneer daar moontlike ontwrigting aan toegang tot die skoolgebou kan plaasvind, maar ons sal die situasie bestuur met effektiewe oplossings, sodra dit opduik. Meer inligting sal deurgegee word, soos dit aan ons beskikbaar raak.

6. **Laser Run:** Die afgelope naweek het die Wes-Kaap Laser Run Kampioenskappe by HS Bonnievale plaasgevind. Die Bonnies het baie goed presteer. Baie geluk!
    - o.9: **Bernard Schoeman** - 1ste (o.9s gaan nog nie SA's toe nie)
    - o.11: **Else Mari Fourie** - 4de
    - o.11: **Emily Schoeman** - 6de
    - o.15: **Lisa van Zyl** - 4de (**Lisa kwalifiseer om aan die SA Kampioenskappe te gaan deelneem** wat 5-7 April in Somerset-Wes plaasvind).

    'n Spesiale woord van dank aan mnr. Hennie de Wet, mee. Liezel Wessels, Lelise Scheepers, Marlize van Zyl en DC Fourie vir jul leiding met die organisering van hierdie byeenkoms. Ook aan elke ouer wat met 'n groot spanpoging hierdie spog-geleentheid help aanbied het. Die komplimente het omtrent ingestroom hierdie week.

7. **Swem:** HSB het op 8 Maart deelgeneem aan Robertson se jaarlikse swemgala. Die swemmers het besonders goed presteer. Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem het en welgedaan aan die volgende swemmers wat podiumposisies behaal het: **Anica Gerber, Ené Kriel, Lisa van Zyl, Tristan Nell, PD de Wet, Bernard Schoeman, Janelle van Zyl, Katryn Pieterse, Alné Matthee, Mark Geldenhuys en Edean Kriel.**

    Die volledige uitslae is hier beskikbaar:

    https://hsbonnievale.co.za/swem/

8. **Studiemetodes:** Ons is opgewonde oor 'n studiemetodekursus wat op **9 en 10 April** vir **graad 4's** en hul ouers aangebied gaan word deur Annaleen Cilliers, 'n bekwame arbeidsterapeut. Dit is die graad 4's se eerste jaar wat hulle eksamen gaan skryf. U en u kind gaan toegerus word om meer effektief te leer en metodes vas te lê wat gaan help vir die res van u kind se skoolloopbaan. Elke leerder kan een ouer/voog saambring wat die kursus saam met hom of haar bywoon. Verkieslik die persoon wat meestal die leerder help met huiswerk en met die leer van toetse. Die kursus strek oor twee aande en kos slegs R150 per kind/ouer-groepie. Betaal asb 'n deposito van R75 of die volle bedrag (R150) by die skool se finansiële kantoor **voor 20 Maart** om u plek te bespreek. Daar is beperkte hoeveelheid plekke beskikbaar.

9. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

10. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Vr. 15 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Sa. 16 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Juf. Belinda Oosthuizen verjaar
So. 17 Mrt.	Hoërskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
Ma. 18 Mrt.	SBL Ouerverkiesing (14:00 tot 19:00 in hoërskool se mediasentrum)
Di. 19 Mrt.	Graad 11: Aansoeke vir vakveranderinge sluit
Wo. 20 Mrt.	Skool sluit vir vakansie 11:00
Do. 21 Mrt.	O.19A-rugbytoer na Lutzville
Vr. 22 Mrt.	Atletiek Suid-Afrika Jeug en Junior Kampioenskappe
Sa. 23 Mrt.	Atletiek Suid-Afrika Jeug en Junior Kampioenskappe
So. 24 Mrt.	Suid-Afrikaanse Skole-atletiek Laerskool Kampioenskappe (Limpopo)
Ma. 25 Mrt.	Suid-Afrikaanse Skole-atletiek Laerskool Kampioenskappe (Limpopo)
Di. 26 Mrt.	Suid-Afrikaanse Skole-atletiek Laerskool Kampioenskappe (Limpopo) Juf. Tanya van Heerden verjaar
Vr. 29 Mrt.	Goeie Vrydag SA Tweekamp Kampioenskappe te Bloemfontein

Sa. 30 Mrt.	SA Tweekamp Kampioenskappe te Bloemfontein Juf. Billy-Jean Rossouw verjaar
So. 31 Mrt.	Paas-Sondag
Ma. 1 Apr.	Gesinsdag
Wo. 3 Apr.	Skool begin vir kwartaal 2, 7:55

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"'n Mier wat beweeg doen meer as 'n sluimerende bees."

- *Lao Tzu (Chinese filosoof)*